

LAERSKOOL KRUINSIG

VAK

:

AFRIKAANS

TYD

:

30 minute

GRAAD

:

5

PUNTE

AFDELING A

:

DATUM

:

23 Februarie 2016

15

EKSAMINATOR

:

A HEYDENRYCH

MODERATOR

:

M Ullerstam

PUNTE

AFDELING B

INSTRUKSIES:

- **Skryf met 'n blou pen.**
- **Skryf asseblief netjies en leesbaar.**
- **Lees al die vrae deeglik.**
- **Let op spelling!**
- **STERKTE!!**

Persentasie: _____%

Graadgemiddeld: _____%

Naam: _____ Klas: _____

AFDELING A

Vraag 1

Lees die volgende leesstuk en beantwoord die vrae:

10 Dinge om te doen as jy baie verveeld is:

- Gebruik alfabetsop om vir jou hond 'n liefdesbrief te skryf.
- Skryf vir 'n maat 'n lang brief waarin jy vertel hoe fantasties jul onderwyser is. Stuur dit in die klas aan en sorg dat jy uitgevang word.
- Gaan soek Ysland se volkslied op die internet en leer dit vlot sing.
- Leen 'n grimeerkwassie by jou ma en gebruik dit om die hele huis mee af te stof.
- Kry 'n troetelklip. Dink vir hom 'n naam uit, maak vir hom 'n spesiale plekkie in jou kamer waar hy kan slaap, en maak vir hom sy eie Facebook-blad oop.
- Knyp 'n pen tussen jou tone vas en oefen om jou handtekening te maak.
- Tel die velletjies op 'n rol toiletpapier. As daar minder is as wat dit op die verpakking sê, skryf 'n brief aan die kliëntediensafdeling om daaroor te kla.
- Pak jou sokkielaai uit en gee al jou sokkies name wat met 'n "B" begin.

• Gaan biblioteek toe en vra die bibliotekaresse of hulle 'n boek het wat jou kan leer lees.

• Vra vir 'n Big Mac by KFC.

Bron: 1001 grappe - Jaco Jacobs - Lapa Uitgewers

Vrae:

1. Gee sinonieme vir die volgende woorde:

- maat (sin 2) _____
(1)
- sokkies (sin 8) _____
(1)

2. Gee antonieme vir die volgende woorde:

- maat (sin 2) _____
(1)
- lang (sin 2) _____
(1)

3. Gee meervoude vir die volgende woorde:

- huis (sin 4) _____
(1)
- pen (sin 6) _____
(1)

4. Gee verkleinwoorde vir die volgende woorde:

- brief (sin 2) _____
(1)
- rol (sin 7) _____
(1)

5. Watter tipe sin is die volgende?

Tel die velletjies op 'n rol toiletpapier. _____

(1)

6. 'n Hond is 'n **mak** dier. Die **intensiewe vorm** van mak is **hondmak**.

Gee die **intensiewe vorme** van die volgende woorde:

- taai _____
(1)
- vreemd _____

(1)

6. Lees die vergelyking: **Hy is so mak soos 'n hond.**

Voltooi die volgende vergelykings:

So honger soos 'n _____

(1)

So listig soos 'n _____

(1)

So dood soos 'n _____

(1)

So doof soos 'n _____

(1)

TOTAAL 15

AFDELING B

Vraag 1

a. Lees die gedig en voltooi die tabel:

Gedig
Rymskema
Tipe Rym
Vakansie is net om die draai,

dis weer tyd om die motor te laai.

“Ag, Pa, maak tog gou!

Ons wag net vir jou!”

(2)

b. Watter woord in die gedig rym met draai? _____

(1/2)

c. Watter woord in die gedig rym met jou? _____

(1/2)

[3]

Vraag 2

Pas kolom B by kolom A

A

B

1. Die appel val nie ver van die boom af nie.
1. 'n Saak om met iemand te bespreek.
2. Die bobbejaan agter die bult gaan haal.
2. Ontuis
3. 'n Appeltjie met jou te skil.
3. Voorsien moeilikheid nog voor enige iets gebeur het.
4. 'n Suurpruim
4. Om in dieselfde situasie te wees.
5. Om iets vir 'n appel en 'n ei te verkoop.
5. 'n Nors persoon.
6. Om iets baie goedkoop te verkoop.
7. Jy vergeet vinnig as jy iets of iemand nie sien nie.

8. Om baie na jou pa of ma te aard.

[5]

Vraag 3

Onderstreep die regte antwoord:

Daar is 'n foto van Pieter in die (koerand / koerant), (want/wand) hy het 'n (fiets/viets/feits) gewen. Sy (hard/hart) klop opgewonde en sy wange is (bloetrooi/bloedrooi/ bloed rooi). Hy (voel/foel) baie bly.

(6 x ½ = 3)

[3]

Vraag 4

1. Vakansie is net om die draai.
2. Dis weer tyd om die motor te laai.
3. "Ag, Pa, maak tog gou!
4. Ons wag net vir jou!
5. En dan kan ons lekker laat waai."

6. Die fles met koffie is in.
7. Die feestyd gaan netnou begin.
8. Gepak is my tas.
9. My gordel is vas.
10. Die tyd na die see toe raak min.

11. "Ek sien die see..."
12. "Ag, Ma, kan ons sommer nou dadelik gaan swem?"

13. Sambrele, sambrele – 'n bloue 'n gele,
14. staan oral gepak op die strand.
15. Die grafies en emmers, die mooiste kastele
16. gebou van die spierwitte sand.

17. Die kinders wat skater
18. en plas in die water
19. Pa lê so lui op sy rug!
20. Desember vakansie
21. Die son dans 'n dansie
22. en lag in die helder blou lug.

- *****
23. Die vakansie is lankal verby.
24. En ons het terug huis toe gery.
25. 'n Volgende keer
26. dan gaan ons maar weer
27. om al die sambrele te kry.

Geskryf deur Elizabeth Fourie

- a. Skryf reël 1 in die verlede tyd. _____ (1)
- b. Skryf reël 9 in die toekomstige tyd. _____ (1)
- c. Skryf reël 24 in die teenwoordige tyd. _____ (1)
- d. Verander reël 4 in 'n vraagsin. _____ (1)
- e. Verander reël 23 in 'n vraagsin. _____ (1)
- f. Skryf 'n voorbeeld van 'n uitroepsin uit die gedig neer. (Nie 'n bevelsin nie) _____ (1)

- g. Skryf 'n voorbeeld van 'n stelsin uit die gedig neer. _____ (1)
- h. Watter woord in die gedig rym met gele? (versreël 13) _____ (1)
- i. Skryf jou eie voorbeeld van 'n bevelsin neer. **Moenie 'n sin uit die gedig gebruik nie.** _____ (1)

[9]
TOTAAL 20